Groeigroep- en Huisgeloof materiaal

ONE HEART 2 – Een hart vir God se mense

Inleiding

Ons is in die tweede week van die 'Een Reeks'. Daar heers steeds vandag 'n atmosfeer rondom verskillende kerke. Wat is julle belewenis in die groep oor die spanning/atmosfeer tussen kerke? Voel dit soms of ander kerkgroepe op jou neerkyk of gebeur dit selfs dat jy dalk neerkyk op 'n ander se kerk?

Dink julle die inisiatief van 'One-Tshwane' help om nader aan mekaar te beweeg en anders na mekaar te kyk?

_____

_____

INHOUD & GESPREK

Paulus was baie gefokus om die boodskap van die evangelie by alle mense uit te kry. Die evangelie moes die bereik wat dit nog nie gehoor het nie maar die boodskap moes ook uit na die wat dit reeds ontvang het. Die wat dit reeds ontvang het moes weet dat hulle die draers van hierdie boodskap geword het. Vir Paulus was hierdie boodskap so belangrik dat hy die gelowiges gesante van Christus genoem het. Wat beteken dit om 'n gesant te wees vir jou? Lees 2 Korintiërs 5:20

_____

_____

Een van die aspekte om as 'n gesant of ambassadeur te leef sou beteken dat ons met die hart van God moet leef. 'n Ambassadeur verteenwoordig sy land in die vreemde. Om met God se hart te leef beteken dat ons iets van Sy hart vir die mense om ons moet verstaan.

Wat dink jy is God se hart vir die mense saam met wie jy? Dink nou aan die moeilike mense om jou en nie die mense met wie dit maklik is om saam te leef nie.

_____

_____

Dit is nie vir ons maklik om met alle mense oor die weg te kom nie. Dit is ook nie vir ons maklik om God se hart vir mense teenoor almal uit te leef nie. Wat maak dit vir jou moeilik om God se hart vir mense uit te leef?

_____

_____

Paulus help ons nogal om ‘n paar aspekte van hoe ons hart vir mense moet lyk te verstaan

1) Hoe ons na mense moet kyk - 2 Korintiërs 5:16-17

2) Hoekom ons so na mense moet kyk – 2 Korintiërs 5:18-19

Slot

Filippense 1 vertel iets van Paulus se uitkyk op die lewe en hoe hy God se hart vir mense verstaan. Die keuse wat Paulus maak om met God se hart te leef oortref egter alle ander dinge en bring vrede en blydskap ongeag die omstandighede van die gelowige. Hierdie is nogal `n gedeelte om aandagtig te lees. Lees Filippense 1 en deel met mekaar wat julle hoor oor God se hart vir mense.

_____

_____